# BENEKE DE WET

**Datum:** **6 Augustus 2010**
**Plek:** **Swellendam**
**Vraagsteller (V):** **Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement|Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A):** **Beneke de Wet |Radiotegnikus ; Spanleier ; Spanleier en ingenieur |Gough 45; Marion 58: SANAE 43|1999 ; 2001 ; 2004**

**V:** Kom ons begin by Gough. Hoe het dit gebeur dat jy Gough Eiland toe is?

**A:** Wil jy die hele lang storie hoor?

**V:** Ja.

**A:** Ek was in Standerd 7 gewees, toe het ons Aardrykskunde-onderwyser ons vertel daarvan.

**V:** Op Swellendam?

**A:** Ja.

**V:** Nou julle Aardrykskunde-onderwyser – hoe't hy geweet daarvan? Was hy self daar?

**A:** Hy het self aansoek gedoen, en toe, vir een of ander rede kon hy nie gaan nie. Ek dink die Departement wou hom nie afgegee het, of so iets van die aard, nie – een of ander *stupid* rede. Toe't hy nog vertel van die psigometriese toetse wat hulle gedoen het: as jy die dingetjie oopvou, dan moet jy of 'n trekker of 'n vrou sien; jy mag nie 'n man sien nie, want as jy 'n man sien, is jy 'n moffie en dan kan jy nie gaan nie. Ek kan nie meer lekker onthou die storietjie of hoe dit gewerk het nie. *Anyways*, toe't ek geweet, *okay, I want to do that*, ek gaan dit doen. En toe het ek *geswot*, en in die laaste jaar wat ek *geswot* het, toe't hulle geadverteer en toe gaan ek deur departement toe – dit was nog daar in Paardeneiland gewees – toe sê hulle die pos is net gevul die vorige dag. En toe is ek klaar en ek is oorsee. En toe ek oorsee was, het ek vir hulle geskryf en gesê ek wil aansoek doen. En toe't hulle gesê dis reg. Ek het Suid-Afrika toe gekom en aansoek gedoen. Dis toe Februarie gewees, en in Junie het ek begin werk, en die September is ek af Eiland toe.

**V:** En jy't toe Junie begin werk waar?

**A:** Opleiding in Pretoria.

**V:** En toe's jy af as 'n radiotegnikus?

**A:** Ja.

**V:** Watter soort opleiding moes jy dan nou kry?

**A:** Dit voel vir my so half dit moet *off the record* wees, ag nee, heerder, hulle't ons ... Ag, mens raak dit gewoond ... die klomp stories ... Ons was Irene toe gewees, en daar het hulle vir my die [], die [] is dit mos gewees ... Ek kan nie eens meer onthou wat dit was nie ... Die weerinstrumente. Hulle het vir reëls gegee en gesê: "Lees deur." En toe't ons letterlik daar twee maande gehang – niks gedoen nie. Ek het saam met die metkassies geklets en toe in ons laaste maand – nee, dit was ons laaste week; dis mos net 'n week opleiding wat jy doen – ja, die laaste paar dae se week opleiding. En toe af.

**V:** En die week opleiding, wat het julle daar gedoen?

**A:** Die gewone strooi ...

**V:** Veiligheid ... ?

**A:** Ja, en vuur, en die kookskool en ... *first aid* ...

**V:** Hoekom moes jy opleiding kry? Ek bedoel, het jy nie alreeds nogal geweet wat om te doen met radio's nie?

**A:** Dis maar wat gebeur.

**V:** Wat is jou agtergrond? Jy's 'n ingenieur ...

**A:** Ja. Marion was maar dieselfde gewees, maar toe's ek spanleier gewees; toe't ek niks van daai ander twak te hoef te gedoen het nie. Toe't ek net al die spanleiergoed gedoen. Ag, dit sou *fine* gewees het as hulle dit in 'n week of so gedoen het, maar ek meen, twee maande is 'n bietjie belaglik. Dit was mos twee maande ... ? Jy begin einde ... dis Julie ... Julie, Augustus, September.

**V:** Moes jy dit toe weer doen toe jy Marion toe is?

**A:** Wel, as ek nie spanleier was nie, sou ek, ja. Dan sou ek weer deur dieselfde *rigmarole* gegaan het.

**V:** Jy was spanleier gewees op Marion en op SANAE ook?

**A:** Ja.

**V:** Het jy toe aansoek gedoen vir spanleier?

**A:** Nee.

**V:** Of het hulle jou net gemaak?

**A:** Ja. Toe ek terugkom, van Gough af, het ek aansoek gedoen vir Marion ... sê nou maar Desember. Toe sê hulle nee, ek's nie swart genoeg nie. Toe dag ek oukei, maar *stuff* julle. En toe 'n maand later, toe bel hulle en sê maar oukei. Toe sê ek: "Oukei." En toe seker 'n week later, toe bel hulle, toe sê hulle maar wil ek nie spanleier wees nie. Toe sê ek: "Oukei." Toe was ek *stupid* gewees; ek moes gesê het: "Gee vir my geld,

dan sal ek dit doen." Toe was my *excitement* nog te veel gewees. 'n Mens moet jou nooit laat vang deur *excitement* nie; dis 'n slegte ding.

**V:** Toe jy nou Gough toe is, wie was die leier van daai groep?

**A:** Antwa Lombaard ... Ja, sy's die *medic*.

**V:** Was dit die eerste vroue-leier op Gough sover jy weet?

**A:** Ja, ek dink sy was dalk die eerste een op Gough gewees ... Ek dink jy moet maar vir haar vra. Sy was definitief die eerste leier op Marion gewees en toe net na Marion is sy toe direk Gough toe. Ek dink sy't *in fact* al aansoek gedoen op Marion om Gough toe te gaan.

**V:** So sy was die jaar vantevore op Marion?

**A:** Ja, hulle was 55 gewees op Marion ... Ja, dis reg: 55 was hulle op Marion, toe's ons 45 op Gough, toe's ek 58 op Marion.

**V:** So hoe was die res van die samestelling? Dit was Antwa, jy ...

**A:** Antwa was die *medic* gewees. Ek was die *radio tech* gewees. Aldo (Strumpher) – wat saam met Antwa op Marion was – was die *diesel mac* gewees. Kobie, Kobus Steyn, was die senior met gewees – hy was toe vantevore op Marion gewees, maar lank vantevore; hy was 53 gewees, of so ... En dan die metkassies was Peter Lekalakala – wat ook al op daai stadium een of twee keer op Marion, of op Marion én Gough, was – en Victor (Mafata).

**V:** So Antwa was die enigste watsenaam vrou gewees?

**A:** Nee, ons het mos daai jaar twee navorsers gehad: Christine Haenel, wat vantevore op Marion was – 53 saam met Kobie; dis reg ja, want hulle was saam op Marion gewees – en toe ons af is, het Ian Downey saamgegaan en toe op die eiland het hy gesê, nee, hy gaan dit nie meer doen nie, en toe't hy teruggekom Suid-Afrika toe, en toe't hulle later in die jaar – ek dink met die Desember-skip, of so – het hulle die ander daai ander ventjie afgestuur ... Wat is sy naam nou weer ... ? Ag, dit sal by my opkom ... Alex *something* (Jones) ... Ek kan nie meer onthou nie.

**V:** Hoe was dit, die spandinamika, met twee navorsers ook daarby en 'n redelike gemengde span?

**A:** Nou hoe moet ek dit nou oordeel? Ek het mos nou geen ondervinding van so iets vantevore gehad nie ... As ek dit op die ander spanne moet vat wat daar aangekom het – daar was 'n ... Hulle het 'n klomp kak gebring van die ander spanne af en 'n klomp van die mense het toegelaat dat reputasies en goeters hulle opinie sterk beïnvoled, wat sleg was. Ek het dit nie op daai stadium besef nie; ek het dit nou maar eers ... wat 'n mens nou regtig ... en veral nou dat jy die mense na die tyd beter leer

keen het en sien hoe hulle *operate* en daai klas van goeters, dan besef jy eintlik eers regtig hoe alles in mekaar gesteek het daar. En eintlik moes hulle al daai kak by die huis gelos het.

**V:** Want dit klink my dit was nogal ‘n redelike ervare span gewees?

**A:** Ja, die helfte van hulle was al daar gewees. Ja.

**V:** So, sou jy sê daar is so ‘n tipe van ‘n *island community*, waar sommige mense, wat meer as een keer gaan, wat so half uitruil ... Hoe kan ek sê ... ? Wat beter inpas ...

**A:** Oukei. In die eerste plek gaan dit baie oor die *attitude*, nê? As jou *attitude* reg is, dan maak dit nie eintlik saak waar jy vandaan kom nie. ‘n Ou Eilander is “ingebreek” – hy’t nie meer al sy nukke en grille en geite en goed nie. En hy sal makliker die strooi wat verbykom laat gaan. Maar ‘n ou Eilander is nie noodwendig ‘n maklike mens nie. So, dit hang op die ou end meer van jou persoonlikheid af as enigiets anders, maar ‘n ou Eilander ... in ‘n sekere ... om in die span in te pas en al daai stories, maak dit dit definitief ‘n bietjie makliker. Maar ek sal nie sê beduidend nie.

**V:** Maar ek bedoel daar’s van die mense wat mekaar al reeds ken ...

**A:** Ja, ja oukei. Maar hulle bring nou weer hulle dinamika ook in die span in, en, veral as jy mense het wat mekaar ken dan, dan sit dit hulle op ‘n ongelyke voet met die mense wat mekaar nie ken nie. Maar nou, jy weet nie ... Daai mense ken mekaar ... Hóé goed ken hulle mekaar? En jy kom op ‘n stadium dat jy net vir iemand kyk, dan het jy klaar ‘n duisend woorde gesê op die eiland, wat jy so goed kommunikeer ... En hulle hét dit, en jy het nie ... En dan skep dit eksklusiwiteit in die span, so dis ook nie noodwendig ‘n goeie ding nie.

**V:** En met ‘n vroue-leier ... ? Het almal redelik goed daarmee oor die weg gekom?

**A:** Ek dink nie iemand het regtig ‘n *issue* daarmee gehad nie.

**V:** Hoe sal jy ‘n dag in die lewe van ‘n radiotegnikus op Gough Eiland beskryf?

**A:** Op Gough Eiland ... Kom ons kyk ... Dis ‘n lang tyd terug. Wat het ek op Gough Eiland gedoen ... ? Rustig. *Shucks*, waar was die radiokamer gewees ... ? Ek kan nie eens onthou waar die radiokamer ... O, daar voor op die hoek, ja. *Solitaire* ... *solitaire* gespeel.

**V:** Maar wat moet ‘n *radio tech* doen ... ?

**A:** Wat moet ‘n *radio tech* doen op die dag? Weet jy, jy hoef seker nie eens uit jou kamer te kom nie, want as daar fout kom, sal hulle jou kom haal. So, ek kan nie eens meer my roetine onthou nie; dis te lank terug.

**V:** Maar waarvoor het julle die radio’s gebruik?

**A:** Nee, kyk, die radio's is nie gebruik nie, in die eerste plek. Die satellietskottel het al die werk gedoen. So die metkassies het -  toe ek op Gough gekom het, het die span voor my – Belinda-hulle – het toe 'n netwerk ingesit om al die rekenaars te koppel. En ek het toe verder daarmee gegaan om dit nog makliker te maak. En die metkassies het basies alles gedoen: hulle het hulleself hulle weerdata opgelaai, of wat ook al – op daai stadium het ons dit nog deurgebel; jy mag dit nie op die Internet gestuur het nie. So, hulle sou jou gekontak het as daar 'n fout was. Kyk, hulle het mos die uurlikse waarnemings wat hulle moet deurbel. En die res van die tyd is mos nou nie... Kyk, die radio's is eenkeer 'n week gebruik om met Tristan (de Cunha) te gesels, maar dit was 'n *social call* gewees; dit was nie werk gewees nie.

**V:** Met wie op Tristan het julle gesels?

**A:** Die *radio operator* daar ... Ian *something* was sy naam gewees.

**V:** Hoekom was daar 'n *radio operator* op Tristan?

**A:** Want ... hulle hét een? Dit kom ook seker maar van die dae toe hulle ... Kyk, Ian het ook ... Hy doen mos die satelliet wat hulle gehad het ook en al daai goed ... die tegniese outjies, soos ek nou maar die eiland se tegniese ...

**V:** So het jy maar ander tegniese werk ook gedoen, met die rekenaars gewerk ... ?

**A:** Ja, al die elektroniese klas van goeters.

**V:** En die navorsers? Het hulle soms uitgegaan in die veld en oorgeslaap in die veld?

**A:** *Yes, yes*.

**V:** Het hulle dan radio's saamgevat?

**A:** Hulle het radio's saamgevat, maar hulle was nie so baie in die veld gewees nie.

**V:** Hoe was die interaksie tussen die wetenskaplikes – wat nou minder op basis is – en die basis-gebaseerde personeel?

**A:** Ag man, as ons  nie vir PWD gehad het nie, en vir die ou Eilanders ... kom ons noem dit die basis-personeel ou Eilanders ... dan sou dit klaar veel beter gegaan het, want daar's hierdie ou simpel ding gewees van 'n *divide* tussen die navorsers en die basis-personeel, wat heeltemal onnodig was, en so simpel kleinlik was, maar ek kan sien ... Ek kan sien hoekom dit daar is, maar dit maak dit nie minder simpel nie. En dit was 'n pyn in die gat gewees en dit was heeltemal onnodig gewees. Maar nou ja, wat kan jy nou doen? Dis daar. Ja, pyn in die stert, maar daar's niks wat jy daaraan kan doen nie.

**V:** Waar het die navorsers gewerk?

**A:** Dit was mos die eerste keer wat hulle weer in 'n baie lang tyd navorsers daar gehad het. So ek dink dit was basies maar 'n indeks gewees van wat daar aangaan. Hulle het

nie spesifiek ... Jy vra my nou vas ...spesifiek wat hulle daar gedoen het ... Ek dink hulle het maar net 'n indeks gemaak van die goggas wat daar was – invertebrate, as ek nou reg onthou.

**V:** Het jy ooit met die skepe gepraat?

**A:** Watter skepe?

**V:** As daar skepe was wat verbygekom het ... ?

**A:** Ons het skepe gehad. 'n Paar keer. Eenkeer het daar 'n vragskip verbygekom. Vir een of ander rede, want dis nie op hulle normale roete nie. Toe wou hulle geweet het of ons iets nodig het. En die eenkeer het ons 'n besoek gehad van *HMS What-what [ ]* wat van die Falkland Eilande op pad Tristan toe was; hulle moes gaan bomwerk doen by die hawe daar – om die hawe groter te maak het hulle duikers gevat. En toe't hulle daar by ons aangekom, en toe't hulle sommer vinnig 'n amptelike besoek gereël en die een of ander grootkop het afgekom met 'n helikopter en daar rondgeloop en blah-blah, blah ...

**V:** So hulle het aan wal gegaan?

**A:** Ja. ... Ek kan glad nie meer onthou wat die skip se naam was nie.

**V:** Het Pretoria julle vooraf laat weet hier gaan nou 'n *HMS* aankom?

**A:** Nee, ek dink nie so nie. Hulle het ons direk gekontak, en toe't ons vir Tristan gesê: "Is dit *cool*"?, en toe't Tristan vir ons gesê: "Ja, dis *cool*", en toe kom hulle. Of so iets van die aard.

**V:** Moes julle 'n vlag hys?

**A:** Natuurlik!

**V:** Watse vlag het julle gehys?

**A:** Ag, nee mens. Ek kan nie onthou nie. 'n Britse en Suid-Afrikaanse vlag seker maar. Ons het dit gewoonlik opgehad, ja. Veral as ons weet daar kom mense, dan't ons die vlae gehys, ja. En dan, as daar die visserskepe gekom het of gegaan het, dan't ons die vlae opgehys. Die visserskepe het mos nou om die eilande gewerk – die Edinburough, maar sy was nooit baie daar gewees nie – en die ander een ... Wat was die ander een se naam nou weer gewees? Ek kan nie onthou nie. Die een wat Nick op was.

**V:** So dan het julle altyd beide die Britse en Suid-Afrikaanse vlag gehys?

**A:** Ja, maar altyd al twee. Ek kan nie onthou dat ons ooit net een gehys het nie. En met Nick op die Kelser met die het ons baie gesels; wel ék het baie gesels. Ons het in die midae, as hy nou klaar gewerk het, sê maar so twee-uur, drie-uur se kant, dan klim ons op die radio, die VHF, en dan gesels ons 'n uur of twee elke dag.

**V:** Soos 'n telefoonoproep amper?

**A:** Ja, praat allerhande twak.

**V:** Die grootkoppe – het hulle darem vir hulle ietsie saamgebring van die skip af, van die *HMS* af?

**A:** Kan nie onthou nie.

**V:** Of het my maar net daar rondgeloop?

**A:** Nee, hel hy het seker darem vir ons iets gebring – hulle kan nou nie met leë hande daar aankom nie. Wragtig!

**V:** Het julle vir hulle tee gegee?

**A:** Ja. Ons het 'n groot ding van dit gemaak. In retrospek, het ons heeltemal te veel van dit gemaak. Maar ag, dit was *exciting* gewees, so ...

**V:** So wat het julle gedoen? Koek gebak, so iets?

**A:** Ja. Nee sommer *high tea* aangepak.

**V:** Nogal?!

**A:** Ja-nee, ons het groot gegaan. Ag, hulle was almal 'n klomp windgatte gewees. Daar was van hulle wat *nice* was, maar die ou ... die grootkop self was ...

**V:** Hy was seker die *governor* van die Falkland Eliande gewees of so iets.

**A:** Nee, hy was die bevelvoerder van die skip gewees, as ek nou reg onthou. Die bevelvoerder het afgekom, en dan ek dink twee of drie ander manne het lootjies getrek wie kan kom. En natuurlik die loodse en goed. So ek dink hulle was so vyf of ses gewees wat afgekom het.

**V:** Toe júlle Gough toe is, het julle met 'n helikopter aangekom of met 'n *dinghy*?

**A:** Nee 'n helikopter. Ons is op en af gevlieg.

**V:** Het julle by Tristan verbygegaan?

**A:** *Yes*. Ons het by Tristan gestop en die weer was sleg gewees. Ek dink ons het net 'n nag daar gelê, toe't ons afgeseil Gough toe, afgegaan, en toe't die skip teruggegaan Tristan toe, vrag gelaai, toe't hulle daai boeivaart gedoen, teruggekom, ons opgetel, toe's ons terug Tristan toe, toe't ons daar afgeklim, gaan *lunch* by die Goewerneur en toe op die skip en toe terug Kaap toe.

**V:** Wie was die Goewerneur? Kan jy onthou?

En die *Tristanites* – het julle van hulle ontmoet?

**A:** Ja. Kyk, Warren en daai ander vriendjie ... Luke of Lucas of so iets van die aard – ek kan nie onthou nie ... Hulle was partykeer ... Ons is mos ... Die jaar voor ons af is, was

Christine mos die omgewingsinspekteur daar gewees. Toe het sy saginas gekry. Toe't almal gesê: "Twak, sy weet nie waarvan sy praat nie" en toe't hulle weer, toe ons af is, het hulle vir Nick Gremmel en daai mense afgestuur. Toe sê Nick: "Oukei, die definitief saginas. Dis kwaai *infest*; ons moet 'n plan maak daarmee." Toe't hulle mos ... Toe die Kelser daai Desember afkom het, het hulle mos die *diesel burner* gebring en al daai goeters en toe't hulle mos begin om die saginas te brand en om Jaco Barendse, wat toe Marion 54 was, met ander woorde die span tussen 54 en 55 ... ja, wragtig. Die span tussen Christine en Antwa-hulle, was Jaco gewees, en toe't hy en Nick saam afgekom om dit te kom doen. En toe het Warren en ... ag, ek kan nie die ander ou se naam onthou nie ... het hulle afgekom van Tristan af. So twee jong latte, so twintig of wat ook al ... het hulle Gough toe gekom, en hulle vier het toe die sagina *eradication* gedoen. En Ian het ons ... nou waar't ons vir Ian ... Het ek hom net op die radio leer ken? Of het hy ook eenkeer afgekom eiland toe? Ek kan nie meer onthou nie.

**V:** Het die Tristan Eilanders ooit gekom eiland toe?

**A:** Ja, kyk, die twee ... Warren en watsenaam was twee Tristan Eilanders wat afgekom het. Ian het ek iewerste ontmoet; ek weet ek het hom iewerste ontmoet ... Dan moet dit nou wees met die teruggaan ...

**V:** So Ian self was 'n Tristan Eilander? Hy was nie van buite nie.

**A:** Ja. Nee, nee, hy was 'n Eilander.

**V:** Kan jy sy van onthou? Daar's mos net 'n paar vanne daar – Rupeto, [ ]

**A:** Nee, ek kan glad nie onthou nie. Julle moet maar in die nuusbriewe kyk – ons sou dit ook daar genoem het. En dan ... Kyk, ons het heelwat van hulle leer ken op die vaart terug, van Tristan af Kaap toe.

**V:** Oukei. Want julle het seker passasiers saamgevat?

**A:** Ja, ons het 'n klomp van hulle saamgevat. So dis nou die eerste keer dat ons regtig tyd met hulle spandeer het. Kyk, op pad in, soontoe, was hulle bietjie vreemd vir ons gewees. En toe ons nou terugkom, toe's ons mos nou geselslustig ...

**V:** Was hulle vreemd omdat hulle vreemdelinge was of was hulle vreemd omdat hulle vreemde gebruike gehad het?

**A:** Nee, hulle was maar net vreemd omdat hulle vreemd was en ons was ook vreemd op die vaart soontoe. Die span het nog nie eens lekker vir mekaar verstaan of so nie, so daar was net te veel vreemde goed gewees; ons het nie regtig baie tyd aan hulle spandeer nie. Dis niie dat ons glad nie tyd met hulle gespandeer het nie – dit was net nie baie nie. Ek kan baie meer van hulle onthou op die terugvaart as op die uitvaart.

**V:** Ek dink Tristan is ook nie meer heeltemal so geïsoleerd nie ...

**A:** Nee, nie regtig nie. Hulle is nog bietjie ... ek sal nie sê hulle is “snaaks” as jy so oor die tafel met hulle sit en gesels nie, behalwe die aksent nie ... Ag nee, ek kan nie eens van Warren en watsenaam onthou dat hulle snaakse gebruike gehad het nie, en hulle was tog ‘n paar maande op ‘n slag daar by ons gewees. Hulle was maar net ... nog mense.

**V:** Was hulle daar gewees om uit te help met die sagina uitroei?

**A:** Ja. So hulle was daar ... Ek kan nie onthou hoe lank ...

**V:** So het hulle dit uitgeroei gekry na ‘n jaar?

**A:** Nee wat. Dit sou nie uitgeroei gewees het nie. Hulle sou dit wel veel minder gemaak het, maar jy moet darem nou kyk, selfs al het jy die laaste plantjie uitgeroei, dan moet jy elke jaar teruggaan om te kyk of hy nie saad ... en sulke ... of hy nie weer opgekom het en so nie. So dis nog ‘n hele paar jaar se *jobbie* daai.

**V:** En die eiland self ... Was daar ... Het jy self ook bietjie rondgeloop saam met ... ?

**A:** Ja, maar heeltemal te min. Ons was ... Ons het heelwat gaan kamp in ... Ons het in Gony River[bay] die eerste, en dan Waterfall Camp, die tweede kampplek. Ons het *containers* daar neergesit waar jy kon gaan kamp het ... vir die wetenskaplikes. En dan het ons ... ek moet nou regtig dink wat die mannetjie se naam was ... Warren was die lang, blas ene, en dan .... Wat is Jimmy Glass se seun se naam? Weet julle?

**V:** Nee.

**A:** Ag nee man; hoe’s julle dan nou? In elk geval hy. Norman, dis reg, Norman. In elk geval, ek en hy het eenkeer in ‘n dag se tyd opgestap ...

**V:** Norman Glass.

**A:** Dis reg, Norman Glass **...** tot die hoogste punt toe en terug. Dit was ‘n lekker *trippie* gewees. Maar daar’s ander spanne wat baie meer gestap het as ons. En, ag ja, ek moes meer gestap het, maar dit was ook nie altyd so maklik nie, en ek was ook maar lekker hardegat gewees op my eerste *trip*. Kyk, ek was baie *independent* gewees toeen was oorsee gewees, en as ek iewers wil gaan, dan koop ek ‘n kaartjie en ek vlieg of wat ook al, en skielik sit jy op die eiland en jy kan nêrens ... jy kan nie eens afstap na die rivier toe sonder om iemand saam te sleep nie. Dit het my nogal gevang in my eerste ruk. Maar nou ja, ‘n mens raak gewoond daaraan.

**V:** Wat is die moeilikste ding op die eiland?

**A:** In terme van ... ?

**V:** In terme van wat ook al? Wat was vir jou moeilik gewees? ‘n Uitdaging ... die mense en die omgewing ...

**A:** Nee wat, die omgewing was *fine* gewees. Gough is soos die Kaap in die winter, onplesierig en so, maar nie rêrig so *bad* nie. Die omgewing was *fine* ... Die mense ... Dis miskien maar die aanpassing. Dit was nie altyd so *hot* gewees nie. Maar dis ... Ek het ... Daar was nooit 'n dag gewees dat ek gedink het, nee nou wil ek huis toe gaan nie. Nee wat, dit was nooit so *bad* gewees nie. Nie eens amper nie.

**V:** En het jy enige ... Hoe't jy die diere leer ken? Ek bedoel, kan jy die voëls identifiseer op Gough?

**A:** Ja. Solank hulle net nie in die nag by my verby vlieg nie! Ag, daar's mos nou nie baie om te identifiseer nie. Dis maar ... Wat? Twee soorte pikkewyne en drie soorte albatros en *that's it*.

**V:** Enigsins gebyt deur 'n rob?

**A:** Nee, maar op Marion wel.

**V:** Maar op Marion wel? Wat het gebeur op Marion?

**A:** Toe't ons 'n *Summer Survey* gehad – die eerste keer dat ons 'n *Summer Survey* afgestuur het. En ons het eintlik gaan kyk – ek en Sarette het afgestap ... Ons was by Trypot gewees, daar iewerste ... Hulle sou 'n pelsrobmannetjie [blow] en bloed *samples* gevat het. En hulle het hom ge*dart* en hom in die net gesit, en hulle wil hom toe op die bord vastrek. En toe, iewers kon hulle nie regkom nie, en toe staan ek net nader om te help, en toe het hy ... Hy't daai seilkeël op sy kop gehad, toe hap hy sommer net in die lug, en toe hap hy my nou raak.

**V:** Het hy stukkend gehap?

**A:** Ja. Ek was byna dood gewees, jong! En 'n lekker *scar* oorgehou. Laat ek jou sommer nou wys ... Daar't het hy my gehap. Daar onder ... Hy't my net so gehap. So jy kan sien, hy't daai hoekie uitgehaal en toe't hy die vel nou opgeruk. En toe't hulle dit toegewerk, maar toe word dit weer septies. Toe't dit so 'n lekker knop gemaak en – dit was die grillerigste van die hele storie – dis toe die laaste dag van die *Summer Survey* ... Daai Kersete nog, toe moet ek nou 'n *speech* maak, en ek voel so sleg. En toe gaan lê ek na dit, en toe ek wakker word, toe weet ek, hier's iets nou nie lekker nie. Toe kom die dokter en toe trek hy so 'n lekker ... hy't so 'n lekker groot spuit gehad, en toe druk hy die ding daarin en hy trek en hy trek en hy trek ... en daar kom net nog etter uit ... *Like* "O nee, was dit als in my gewees daai? *Gross*!" En ja, toe was ek seker vir 'n week lank siek gewees of so, en toe's ek nou weer beter.

**V:** Toe's jy nou weer reg? Nou't jy 'n lekker storie om te vertel.

**A:** Nogals, ja.

**V:** Nou wat het julle gedoen op 31 Desember 1999?

**A:** Ge*party.* Weet jy, ek kan nou nie meer onthou nie. Baie keer het dit so uitgewerk dat as jy regmaak vir 'n *party*, dan raak jy aan die kuier en dan *party* jy jou só uit dat as die *actual party* verbykom, dan sit almal "oeweh". Klaar gekuier. Ek het my voet geswik nie lank vantevore nie. Ek onthou dit goed. En toe 'n paar *parties* daarna, toe't ek dit weer gedoen, maar ek het dit *actually* buite gedoen – nie in 'n *party* nie. En daai aand ... Nee, ek kan nie onthou of ons regtig iets spesifieks gedoen het nie. Ek het net gesê ek gaan die aand nie slaap nie. En ek was later die enigste ene gewees, en ek't seker die oggend sesuur of sewe-uur gaan slaap, want ek wou toe gedeurnag het. Ek kan nou nie onthou dat ons nou regtig iets vreesliks spesifieks gedoen het vir die millenium nie.

**V:** Het hulle ooit gepraat oor die feit dat dit die millenium is en julle sit nou hier op die eiland?

**A:** Ja, ja. En as die wêreld vergaan, wat ons nou gaan maak. Of ons nou 'n boot gaan bou en seil, en of nou maar daar gaan oud word en doodgaan. Die gewone nonsens; jy praat mos ongelooflik baie strooi. Ja, so ... Weet jy, ek onthou spesifiek ek het gesê ek wil nie gaan slaap nie en ... van die res ... Ek dink daar was *anyway* 'n *dynamic* aan die gang gewees toe, dat almal 'n bietjie suur was. Ek kan nie meer lekker onthou nie.

**V:** Maar het julle darem 'n boodskappie gekry van die Minister, of van Henry?

**A:** Ag, my mens, nee ... ek kan nie sulke goed onthou nie. Ons het so af en toe sulke faksies gekry, maar ek dink dit was maar vir Kersfees gewees en so. Seker darem vir millenium. Hulle moes darem wragtig vir ons ...

**V:** Dis nou hoekom ek vra.

**A:** Weet jy, ek weet nie; ek kan nie onthou nie. Ek sou nie kon sê ja of nee nie. Ek sal nie verbaas gewees het as hulle dit gedoen het nie, nee.

**V:** Ek *backtrack* net gou so bietjie. Toe julle by Tristan aangekom het, was daar enige *passport control* of so ... papierwerk?

**A:** Ons is nie af gewees nie. Ek dink nie iemand ... het hulle net die mense afgelaai.

**V:** Of toe julle terugkom, moes julle paspoorte iewers ingee, of enige papierwerk invul?

**A:** Ons het, maar ek weet nie of ons moes nie. Kyk, hulle het ons paspoorte gevat en ge*stamp* met Tristan se *stamp* – dit was 'n drie-dae visum of so iets van die aardgewees – en ek kan nie onthou of ek ooit my paspoort self soontoe gevat het en laat stamp het nie, so ek weet nie of die skipper gereël het of wat nie.

**V:** Maar die *stamp* is in die paspoort?

**A:** Die *stamp* is in die paspoort, ja.

**V:** Wat mis mens op so ‘n eiland?

**A:** Dit hang van dag tot dag. *Junk food*. Dis nogal lekker om om terug te kom en om *pizza* te koop, om sommer net by ‘n plek in te stap en kos te koop en weer uit te stap. Dis nogal lekker. Om kos te maak is nie *bad* nie, maar dis nogal ‘n bedryfie as jy dit aanmekaar móét doen. Jy kan seker ‘n blikkie tuna van die rak af vat, maar dis *not quite the same*. Weet jy, wat mis ‘n mens. Dit hang af in watter bui jy is. Dit hang van wat die *thought of the day* is, en al daai klas van goeters. Winkels en goeters, nee wat. Jy’t alles wat jy nodig het, so *shopping* is nou maar lae profiel. Die eiland neem in elk geval jou lewe so oor, dit word die middelpunt van die wêreld; nuus van buite af raak irrelevant – niemand gee regtig om wat daar aangaan nie, so ... In elk geval, die meeste mense wat sê nou maar die eiland leef vir die eiland is ... baie van hulle se koppe bly nog in Suid-Afrika, dan wil hulle aanmekaar weet “wat gaan daar aan” en al daai klas van goeters, maar ... Ag, ek weet nie ... As dit by sulke klas goeters kom, is ek ... ek dink ek is relatief *easy*. Ek het nie baie *hassles* met goed wat ek agterlos nie.

**V:** En wat mis jy as jy terug is in Suid-Afrika?

**A:** Dis nogal rof om terug te kom. Dit raak makliker elke keer wat jy terugkom, dit, dit kan ek ook goed onthou. Die eerste paar maande kan jy glad nie baie mense ... jy wil glad nie my mense wees nie. Dis besig, dis heeltemal te besig. Daar’s te veel goed; daar’s te veel ... Rommel vang ‘n mens nogal ‘n bietjie ... Ja, daar’s te veel van alles. Maar dit vat jou so ses maande, dan’s jy weer oraait. Ag, maar weet jy, aan die ander kant ... Ek onthou goed, ek was na Marion gewees ... Ja, toe’t ek in die Strand gebly vir ‘n tyd en ek was een Saterdagoggend Mall toe gewees, en daar was net te veel mense. Ek het by die Mall ingestap en “boef!” ... *can’t do it* ... uitgestap. En toe het ek nou gedink ek ly nou vreeslik aan die ‘Eiland-sindroom’ –“Oe, *I’m suffering*! Toe kom ek eintlik later agter ek was my lewe lank nog so gewees: ek hou nie van baie mense nie. Ja. wat my seker in die eerste plek op eiland toe gestuur het. So, ek meen, vandag nog ... Dis al hoeveel jaar later ... As die Mall bedrywig is, “Fok julle, ek gaan nie nou hier rond ... soos op ‘n mallemeule staan nie.” So dan gaan ek net huis toe.

**V:** Jy het op Gough eiland besluit jy wil Marion toe gaan, nê? Of eers daarna?

**A:** Ja, jy kan maar so ... *Well*, sê só: ek was op Gough gewees en toe’t ek gehoor hulle bou die nuwe basis op Marion. Toe was ek baie *keen* gewees om die ou basis te sien, in stede van die nuwe basis, want jy weet hoeveel strooi kom met ‘n nuwe basis ... Maar ek het toe nog nie my *mind* ... Ek het eers aansoek gedoen, amptelik, toe ek terug was van Gough af gewees. Ek was seker so ‘n maand of so teruggewees.

**V:** En toe doen jy aansoek?

**A:** Toe doen ek aansoek, ja. Ek dink ek het *actually* nogal begin werk soek in Suid-Afrika, toe daai tyd, en toe so na die tweede, derde dag besef, "no , thank you, *so not*." En toe't ek aansoek gedoen vir dinges ... Marion.

**V:** En hulle het toe eers nie aanvaar nie en toe gesê dis reg, jy kan maar kom. Hoe't dit gevoel toe hulle nou vir jou sê dis reg en jy moet leier wees? Het hulle jou ge*brief* daarop, wat dit beteken om leier te wees?

**A:** Hulle het ... die Sandy Nyathi, of *whatever* sy naam was, het my gebel en gevra en toe't ek gesê ja, en toe ek in Pretoria gekom het, het hulle my nou mooi verduidelik hoe alles werk, blah-blah-blah-blah-blah.

**V:** Maar wat móés jy doen as leier? Wat doen 'n leier ... ? Wat is jou verantwoordelikhede?

**A:** Kak en hare uitsorteer. Al die *admin* en die klas van goeters. Die papierwerk, om seker te maak al die outjies doen wat hulle moet doen en het wat hulle moet hê ... blah-blah-blah. Maar soos 'n gewone bestuurspos; dis niks snaaks nie. Organiseer maar net. En bewaar die vrede. Dis eintlik nie, eintlik nie 'n *bad job* nie. Dis regtig nie so *glamourous* soos mense dit maak nie. Dis maar net nog 'n bestuurspos. Wat sleg is, wat my gevang het op Marion was ... Toe ek op SANAE was, was ek dit al gewoond gewees ... As 'n voël poep buite, dan "Aah, wat sê die spanleier daarvan?" En og, dit kan 'n mens later so irriteer, dat die mense so ... "Wat sê die spanleier daarvan?" – *It doesn't matter, really*." Dit het my gevang, op 'n tyd ... op Marion. Maar ag, dis ook nie ... As ek nou daaroor dink, dan as hulle sê ek moet dit doen, dan sal ek sê "Ja, *fine*"; as hulle sê ek hoef dit nie te doen nie, dan sê ek "*same, same – it doesn't make a difference*".

**V:** Het julle enige *security briefing* gekry? Het hulle vir julle gesê as daar iemand aankom, skakel ons eers, of ... ?

**A:** Ek het seker ... Ek kan nie spesifiek onthou nie. Kyk, ons was veronderstel gewees om alles deur Pretoria te werk, of deur die Departement, as enigiets gebeur. En ek dink ons was nogal redelik goed daarmee gewees; ek dink eintlik té goed. Ons moes meer kanse gevat het en so. Aan die ander kant, as jy nou kyk na die lokale impak van die besigheid, ons het op 'n kol heelhoender gekry van die Kelser af op Gough en toe was daar ... Kyk ons mag nou mos nie heelhoender hê nie – die hoendervel en die hoenderbene het mos nou die voëlsiekte ... en al daai klas van goeters. Toe op die ou end is die goed teruggestuur, maar toe ... Ja, dit was ... Dis eintlik meer sleg gehanteer as wat die gevaar daar was.

**V:** Wie het die hoender vir julle gegee?

**A:** Die Kelser, die visserskip, het vir ons die heelhoender oorgestuur omdat ons nie heelhoender het nie. Dit wat baie *sweet* was van hulle. Toe was daar 'n ding ... Kyk,

Christine en Antwa ... Christine is nie ‘n maklike mens nie ... Die Vader weet ... Antwa is net so beneuk. En ek’s ook maar net so. So ek kan ook nie eintlik van hulle praat nie, maar hulle is nou nie hier nie, so ek kan myself ten minste verdedig. Ek dink Antwa het gesê, ja, hulle kan maar omkom, en toe het Christine ‘n storie gemaak daarvan ... Wat seker reg is, maar Christine kan met sulke klas van goeters ... Ag weet jy, ek weet eintlik nou nog nie wat om daarvan te dink nie. Christine kan baie swart en wit wees oor sulke goed – wat reg is as die eiland jou prioriteit is. Maar die eiland is darem ook net die eiland. Ek meen, daar is mense ook darem op die eiland, wat darem ook ‘n prioriteit geniet, so ... Ek kan verstaan waar hulle al twee vandaan kom, en hulle moes waarskynlik maar net oor dit gepraat het vooraf en ons moes vooraf, aan die begin van die jaar besluit het “as skepe hier kom en hulle gee vir ons goed, dan aanvaar ons dit of ons aanvaar ons dit nie”. En dis nou die *blanket rule* en *that’s it*. Wat ons nooit regtig gedoen het nie. Wat waarskynlik goeters makliker sou gemaak het. Want dit was ‘n bietjie van ‘n *not nice*.

**V:** Maar het hulle die hoender toe teruggestuur?

**A:** Ja, die hoender is toe teruggestuur as ek nou reg onthou.

**V:** Toe’t julle ‘n diplomatieke insident oor die hoender?

**A:** Ja, absoluut. Absoluut.

**V:** Het julle ook vooraf geweet van die *Summer Survey* wat afkom?

**A:** Nee, dit het eers later die jaar het ons gehoor daarvan. Kyk, ons is Aprilmaand se koerste is ons af en toe’t het die *Summer Survey* eers Desember gebeur ... begin Desember. So op ‘n kol het hulle ons laat weet; ek kan nie meer onthou hoe nie.

**V:** Hier kom ‘n klomp mense?

**A:** Ek dink ons het waarskynlik eers deur Sam of Wilna of een van hulle gehoor dat hulle so ‘n ding beplan, en toe het die amptelike ding deurgekom. Ag, dit was die gewone strooi gewees van die Departement het gesê “Oe nee...” Dinges ... Dis mos nou ... Wat’s daai ander Departement ... ?

**V:** Omgewingsake? Vervoer?

**A:** Ja-nee, maar kyk ... Antarktika en Eilande, en dan’s daar mos die ander enetjie ...

**V:** Wetenskap en tegnologie?

**A:** Nee man ...

**V:** Die *Directorate*?

**A:** Ja ... Seevisserye of iets van die aard ... Mariene en Visbestuur ...

**V:** MCM (Marine and Coastal Management).

**A:** MCM, dis hy, reg. MCM reël die ding. Hulle het een van hulle skepe afgestuur ... wat was hulle skepe se naam nou weer? Africana ... ?

**V:** Ja, Africana en ....

**A:** Hulle het die Africana afgestuur en hulle het als self gereël en hulle wou eintlik niks van die departement ... Ek weet ook nie. Dis hulle eie goeters. Ek weet nie of hulle niks met die departement te doen wou gehad het nie, en of die departement hulle nie wou gehelp het nie ... of SANAP of Antarktika en die Eilande hulle nie wou gehelp het nie, maar hulle het gesê o, hulle gaan dit nooit regkry nie; hulle kan nie so ding gedoen nie; hulle het nie die *expertise* om dit te reël nie, blah-blah-blah ... Maar dis maar net soos daai SANAE *trip* – kry die skip, kry kos, kry mense ... Zoep, daar gaan jy, doen jou *job* en kom terug. *That's it.* Dit is nie so *complicated* nie. So, hulle het op die ou end heel goed gedoen en 'n goeie *job* gemaak daarvan.

**V:** So dit was net wetenskaplikes wat gekom het?

**A:** Dit was net wetenskaplikes.

**V:** Dit was meestal Peter Ryan, hulle

**A:** *Yes*, dit was daai lot van mense. En dan was daar een outjie wat saamgekom het om hulle tegniese ondersteuning te gee, en hulle het 'n dokter gebring wat meestal op die skip was ... En dis omtrent dit.

**V:** Hulle het op die basis gebly? Julle moes vir hulle plek maak?

**A:** Ja. Ja, hulle het op die basis gebly.

**V:** Nou hoe beïnvloed dit so 'n basis, as daar nou skielik so 'n groot klomp mense inkom?

**A:** Ag, dis maar chaos – soos jy jouself goed kan voorstel. Daar was toe was daar ook nou *lank* kontroversie gewees oor die goed wat hulle op die eiland opbring. Kyk, as hulle departmentmense afstuur, dan moet als nuwe goeters wees en die skoene moet nuut wees en die sakke moet nuut wees vir die saad en die blah-blah-blah ... En hulle het dit nie gedoen nie. Hulle het sommer hulle eie goeters, sakke – hulle het sommer hulle persoonlike goeters en sakke gebring. So daar was 'n groot inspeksie daarvoor gewees en MCM se mense is ... Mike; wat is Mike se van? ... Hulle het hulle lekker *gestrip* daarvoor.

**V:** Murphy?

**A:** Nee, Murphy is van PWD.

**V:** Ek weet Bruce Dyer was seker daar gewees ...

**A:** Hy was daar gewees, ja.

**V:** Maar hy sal nou nie ...

**A:** Nee, Bruce is nie so idiot oor sulke goeters nie.

**V:** Ek wou net sê ...

**A:** Nee.

**V:** Was John Cooper daar gewees?

**A:** Ja, hy was , hy wasseker daar gewees; hy was op een van daai *trips* daar gewees. Ek kan nie onthou wie saam met hulle was nie ... So hulle was bietjie omgekrap gewees daaroor dat ons nou vir hulle wysmaak hoe om hulle *job* te doen en blah-blah-blah. Maar oukei, Sarette was ook 'n bietjie militaristies gewees, maar ek dink sy het nog altyd die regte ding gedoen.

**V:** Was Sarette die ...?

**A:** Sy was eintlik nie gewees nie ... Sy was een van die navorsers gewees en sy was nie die Omgewingsinspekteur ... wat is dit ou weer gewees?

**V:** *Health* inspekteur ... *Environmental* ...

**A:** *Environmental Officer or whatever*, ja. Sy was dit nie gewees nie. Maar Wilna is mos maar baie blommekind. Kyk, Wilna was ons Omgewingsinspekteur gewees en dis MCM en Wilna en ... Dis Wilna se nirvana; sy wil vir MCM werk doen en met fisici speel heeldag, so sy sal vir hulle niks nee gesê het nie. Sarette was 'n bietjie meer op die punt af gewees. So daar was 'n bietjie friksie gewees daar. Ag, dis mos maar die gewone goeters ... Ek's seker ander mense het ook al vir julle gesê van die ouens wat op die eiland is ... Jy voel later die eiland behoort aan jou; net jy weet wat goed is vir die eiland – daai hele besitlikheidsindroom wat jy deurgaan. So hierdie klomp mense kom in; hulle loop rond waar jy nie wil hê hulle moet loop nie, so almal raak gestres en opgewonde en blah-blah-blah.

**V:** Geïrriteerd en alles ...

**A:** Ja, die hele onnodige besigheid. Maar ek dink nie regtig ... selfs nou, as ek teruggaan, ek sal anders wees nie. Ek sal maar weer so wees. Ek dink dis maar deel van die proses.

**V:** Maar deel van die geïsoleerde gemeenskap?

**A:** Ja; *just get over it*. Jy sal *eventually*.

**V:** Dis nie in julle jaar dat die Fransman geland het nie?

**A:** Nee. Met die vliegtuig?

**V:** Ja.

**A:** Nee. Dit was 'n jaar of drie na my op Marion ...

**V:** Want Wilna was ook die Omgewingsinspekteur toe ...

**A:** Dan was dit die ... Nee, sy kon nie gewees het nie ... Wilna was daar gewees, maar ... dit was die jaar net na ons gewees, maar ek was ... Ek voel dan nou ek was op SANAE gewees ... Ek kan nie onthou nie.

**V:** Het jy nog kontak met Wilna?

**A:** Ja, sy's in Dubai.

**V:** Wanneer gaan hulle toe weer weg, die *Summer Survey people*?

**A:** Ek dink net na Kersfees, die 26ste Desember ... Ek dink hulle het die 10de daar rond gekom en die 26ste is hulle weg – so iets van die aard.

**V:** O, het julle nog 'n Kersete saamgehad?

**A:** Ja.

**V:** Het hulle presente gebring?

**A:** Jy kan die snaakste goed vra ... Ek kan rêrig nie onthou nie.

**V:** Maar wat ek bedoel, is, het MCM vir julle op die Africana ander voorrade gebring of goed van die huis af ... Het julle daai opsie gehad?

**A:** Ek kan nie onthou nie. Ek dink ons het – ek dink ons het, ek kan amper nie dink dat ons nie sou kon nie ... Ja. Maar ek kan nie onthou nie.

**V:** Hoe was die spandinamiek anders op Marion as op Gough? Was daar mense wat al gereeld op eilande was?

**A:** Op Marion was ek toe van Gough af gewees ... Liezel was nuut ... Beki (Bekhane Majola) was die nuwe *diesel mac*, maar hy's toe helfte van die jaar afgestuur, toe't Aldo teruggekom, wat ook al vantevore op 'n eiland was ...

**V:** Hoekom is Beki afgestuur?

**A:** Want hy het homself rêrig geglo hy gaan dood op die eiland nie en toe't hy 'n bloeiende maagsweer of so iets van die aard ontwikkel, en toe's hy ge-*evac*. Die metkassies was Pieta (Pieter) Pretorius – wat ook afgehaal is, want hy't een of ander hartklont ontwikkel ...

**V:** Is hulle op aparte geleenthede afgehaal

**A:** En toe's hy deur David vervang, wat vantevore op Marion was – ek kan nie onthou of David al op Gough was nie ... Ek dink nie David was op Gough gewees nie ... En die metkassies was Segale en Ephaphrus gewees, wat nog nie op die eiland was nie. Dan die wetenskaplikes was Samantha, wat nog nie op die eiland was nie; dit was Sarette, wat se eerste keer dit was; was Erica se eerste *trip*; was Wilna se eerste *trip* en dit was Liezl se eerste *trip*. So dit was , so toe ons af is, was dit net ek wat al op 'n eiland

was vantevore. En toe later het David en Aldo saamgekom. Ek probeer nou dink ... Beki het eerste begin met sy strooi. Suid-Afrikaanse swart mense maak my klaar. Dit kan ek nou maar rêrigwaar sê, op die rekord, of wat ook al. Hulle ... 'n Mens kan dit seker verstaan, maar jy is - ons is nié in Suid-Afrika nie; jy's 'n individu voor jy 'n vrou is, voor jy 'n man is, voor jy swart is, voor jy wit is. Dit is net jou persoonlikheid wat jou daardeur dra. Die res van die goed is regtig so irrelevant daar. Maar hulle ... Ek kan verstaan dat in 'n sekere sin dat hulle nie daar kan oorkom nie, *but they must just make that jump and get over it*. Wat seker maklik is vir my om te sê, né? Maar *anyways*. Beki het geglo hy's swart en ek kyk neer op hom en al sulke goeters. En *fine*, as jy dit wil glo, moet jy dit glo. Oor jy die glo, maak dit dit nie die waarheid nie. So. Ek het nou die dag ... Ai, weet jy, ek het nou nog die potjie wat oorpluisies vat ... ek het lankal ander oorpluisies ingesit ... Maar Liezl, een dag deel sy vir ons 'n klomp oorpluisies uit. En van die swartetjies was só kwaad gewees vir haar, dat sy vir hulle oorpluisies uitdeel. Bedoel sy nou hulle ore is vuil? Kan jy ... ? Dis net daai klas van *junk*, né? Want daar's ekstra oorpluisies in die hospitaal, nou deel sy oorpluisies vir almal uit, *whatever*. Ek het nie eers ...

**V:** Dis duur goed om te koop!

**A:** Weet, ek het nie eers twee sekondes daaroor gedink nie, en hulle het *offense* gevat. En dis nou maar ... Dit maak hulle nie beter of slegter as my nie; hulle dink net anders oor goeters. En *that's also fine*. Maar ek meen, om altyd so die bytende ding te gaan soek ... Maar oukei, mens weet waar dit vandaan kom. Maar *anyway*, dit het my klaargemaak. Toe't Beki homself in 'n maagsweer in. Hy't ... Ek het dink hy't die een of ander visie gehad, toe ... Jy moet eintlik vir Liezl vra. Liezl gaan vir jou beter kan vertel wat Beki se visies was ... Hy gaan nou dood op die eiland, want hulle was baie in die hospitaal gewees, en toe op die ou end toe besluit ons, nee, ons gaan nie hom nie hier meewerk nie, want hy kon nie regtig ondersoek word nie; geen dokter sal 'n diagnose oor die foon doen nie en so op die ou end, hy gaan nou af. En in die tye toe Beki toe siek word, toe't Pieter beginne hierdie hartritme-simptome ontwikkel. Hy's nou nie lekker nie en blah-blah-blah. En op die ou einde was die gevoel maar gewees hy wou maar net van die eiland afgekom het en toe't hy dit as 'n rede gebruik om af te kom.

**V:** Hy't nou geweet daar kom 'n skip, so ...

**A:** Ja, daar kom nou skip, so hy kan nou waai. En toe't hulle vir David gekry en toe't hulle afgekom. En Pieter ...

**V:** Hy was ook 'n - wat was Pieter ?

**A:** Hy was 'n metkassie gewees.

**A:** Op die ou einde het ek gesê, as mense my vra hoe was die mense op die eiland gewees, dan sê ek vir hulle, hoor hier, ek was net op die eiland saam met hom gewees. Hy het in die tussentyd baie verander, en ek ook, en ek ken hom net van die eiland af, en ek gaan vir jou sê, gaan ek hom weer, as ek 'n span moet kies, of as ek in 'n span is, en ek hoor hy kom saam, dan gaan ek op die span of gaan ek nie? As Pieter op die span is, dan gaan ek nie saam nie. *No thank you*. Ek gaan nie saam met hom nie. Hy is maar net daai klas van karakter. *I don't need that in my life*.

**V:** Beskryf Marion Eiland?

**A:** Plat. Winderig. Koud. Ja, dis 'n bietjie te plat na my sin. Weet jy, dit is soos, dis 'n bietjie - Noem dit drie stappe van vergelyking. Die Karoo, Pategonië en dan Marion; dis ongeveer hoe dit werk. Die Karoo wat plat en warm is en daar groei fôkol; dan Pategonië wat dieselfde is, ook so koud, maar droog; en dan Marion is nou net nat, maar plat. So dit bly, dit bly so half dieselfde.

**V:** En teenoor Gough? Hoe lyk Gough dan?

**A:** Gough lyk soos die berg hier: so kranserig, bosserig. Ja, net ander soorte bosse, maar baie dieselfde. Kyk, dis mos 'n kombinasie van ons en Suid-Amerika se plantegroei en jy kan dit nogal sien, hoor as jy daar is. As jy in Suid-Afrika rondloop, dan herken jy plante van Gough, en as in jy Suid-Amerika rondloop, dan herken jy die plante van Gough. Dis nogal baie *cool*. Ek het baie dit *gelike*, ja. Dit was baie *cool* gewees.

**V:** Duidelik was jy nou al 'n paar keer oorsee gewees voor jy nou Gough toe is?

**A:** Nee, ek was net in Europa gewees. Na die tyd was ek in Suid-Amerika gewees, ja.

**V:** Was daar mense saam met jou op die eilande gewees wat nog nooit uit Suid-Afrika uit was nie?

**A:** Moes wees, ja ... Oukei, op Gough ... Antwa was op Marion gewees; ek dink nie sy was op daai stadium al op 'n ander plek gewees nie.

**V:** Maar sy was nooit uit Suid-Afrika, *well* uit die grense gewees nie?

**A:** Nee, uit die grense van ... *oh well* ...

**V:** Binne, na die ander grens toe?

**A:** Ek wil nou net sê, tegniesgesproke, dan nee, want Marion is nog altyd binne die grense! Aldo, nee. Alex, *obviously*, van Engeland af. En dinges van Engeland af [ ? Sam].

**V:** Maar dit was nie duidelik dat hulle nou nog nooit oorsee was nie?

**A:** Ag jong, ek weet ook nie. Daar is dinge ... Mense kan 'n vreeslike ding maak van mense wat oorsee is en ja, dit maak 'n mens bietjie anders dink en so aan, maar ek dink ook nie dis so radikaal anderster nie. Dit maak jou kop 'n bietjie oper, maar ek

meen, jy kan meer leer op ‘n *trip* Johannesburg toe uit die Kaap uit as wat jy kan Engeland toe, so ...

**V:** Ek het hierdie teorie: daar’s baie mense in die Wes-Kaap wat al in Europa was, maar nog nooit uit die Wes-Kaap nie!

**A:** Ja-nee, absoluut. En ek meen, jy hoef nie ver hier op te gaan nie; ek meen net anderkant die Transvaal, dan voel dit vir my of ek in ‘n ander land is. Want daar’s niks meer Wes-Kaaps daaraan nie. En Suid-Afrika is die Wes-Kaap. *Who cares about the rest*?

**V:** Toe is jy daar af van Marion af, en dit lyk my, dadelik, net met die volgende Agulhas *trip,* weer SANAE toe ...

**A:** Nee, ek het ‘n jaar *geskip* daar. Ek kon 2002 afgegaan het ...

**V:** Het hulle jou gevra?

**A:** Frans wou gehad het ek moes gaan, maar toe wou ek nie gaan nie. En ... Wie was voor my daar gewees? Haai, kan jy glo? Ek kan nie onthou nie. Johan-hulle was daar gewees. O, Ewald. Nou verstaan ek hoekom ek hom vergeet het ... Haai, dit is lelik, né? Toe was ...

**V:** Maar wat het jou van plan laat verander om tog maar te gaan?

**A:** Ek wou nie so gou gegaan het nie. Ek wou eers ‘n jaar ... Ag, ek kon seker ... Eintlik, ek kon maar gegaan het; dit sou nie veel verskil gemaak het nie. In retrospek is ek baie bly, want ek het toe ‘n baie lekker span gehad, maar ek meen, hoe op aarde weet jy dit nou vooraf? So op die ou einde was ek toe in ‘n baie *nice* span gewees. Die span voor my was Kobie gewees – wat baie *nice* sou gewees het – Johan en Naas en Hansie, wat almal *nice* was; maar dan was daar ‘n ander uitvaagsel daar gewees – ek het sy naam nou vergeet en oukei, Ewald sou nie daar gewees nie het nie en ek sou daar gewees het ... En Tommie ... en ek weet nie wie die ander outjie was nie.

**V:** Hoe’t jy hierdie mense leer ken? Was dit maar net in daai oorgangsperiode, die *relief period*?

**A:** Ja. So dit sou seker eintlik nie so *bad* gewees het nie, maar ... En die dinamika sou ook anders gewees het, want dan sou Darren, Darryll – wat was sy naam nou gewees? – dan sou hy seker nie spanleier gewees het nie, wat dan ook dinge aansienlik anders sou gemaak het. *Anyways*, toe’s ek af 2003, einde 2003 ...

**V:** Het hulle jou gevra spesifiek om te gaan spanleier te wees?

**A:** Ja. Ek het beginne werk as watsenaam die elektroniese ingenieur, hier onder in die Kaap, en toe het Henry vir my kom vra of ek wil spanleier wees. Toe sê ek vir hom ja, as jy my betaal daarvoor. Ja, ek leer. Ja, toe gaat ons.

**V:** Toe’s julle met die Agulhas daar af.

**A:** Ons is met die Agulhas af ja, en toe’s eers Bouvet toe gewees, en daar was die mees berese man in die wêreld ... Jy sien, dis nou die ding. Hy’s nou die mees berese man in die wêreld en jy vra of die mense al uit Suid-Afrika uit was ...

**V:** Wie’s die mees berese man in die wêreld?

**A:** Ek weet nie; *Google* dit. [Charles Veley] As jy 263 *territories and countries* besoek het, dan is jy mos so min of meer daar. Ek het *some while to go there*. Hy was ‘n Amerikaner – moes seker maar ‘n Amerikaner gewees het, né? – van Washington of iewerste, en Bouvet was ... ek dink Bouvet was nommer 263, of so iets *stupids*; ek mag die nommer baie verkeerd hê. Kan daar so baie lande in die wêreld wees?

**V:** Ja ... Afrika, Suid-Amerika, die Ooste ...

**A:** Ja, maar daar’s maar so iets soos ... O, daar’s darem 51 ... Hoeveel lande is daar in Afrika; dis mos so 50?

**V:** Ja, 50, 51 ...

**A:** Maar dit klink dan soos Amerikaanse state?!

**V:** Ja, ek dink nou presies dieselfde ding. Ek kan nie sien dat dit so baie is nie. Daar is mos 52 Amerikaanse state, is daar nie? Ek weet nie, maar daar is baie lande in die wêreld ...

**A:** *Anyways*, toe stop ons op Bouvet, want hy wou afgaan, maar hulle ...

**V:** Op die Agulhas?

**A:** Met die Agulhas gaan ons toe Bouvet Eiland toe. Maar ons ... Die eintlike rede hoekom ons daar gestop het, was om goed af te haal; *containers* van die vorige jaar. En toe’t hy ... op een van die *trips* het hy afgegaan. En toe’t hy daar gestaan vir 10 minute en toe’t die helikopter hom weer kom haal en toe’t die ...

**V:** Hoe’t hy dit gereël gekry? Het hy baie geld?

**A:** Weet jy, ek weet nie. Jy moet gaan - jy gaan vir Henry-hulle moet vra hoe het hy dit reggekry ...

**V:** Want hy’t nou maar net ‘n punt bewys, eintlik.

**A:** Ja. Onder watter voorwendsel hy gaan? Want hy was nie onder navorsingsvaandel of so iets van die aard regtig gewees nie ...

**V:** Wat het hy gedoen vir ‘n lewe? Kan jy onthou?

**A:** Nee.

**V:** Gereis.

**A:** Ja hy het op daardie stadium het hy 'n klein kindjie gehad; ek dink die kind was nog 'n baba gewees. Ek weet hy't artikels geskryf vir die een of ander Amerikaanse tydskrif of koerant ... Maar ek kan nie onthou wat hy gedoen het vir 'n lewe nie. Hy was nog relatief jonk gewees. Ek weet nie of laat 30's, vroeë 40's, daar rond.

**V:** Oukei, julle het toe by Bouvet gestop, *containers* afgehaal. Was jy self by Bouvet?

**A:** Nee. Toe seil ons verder en toe was die pakys swaar gewees en toe't ons ... Koott, is ons deur Neumayer toe om goed te gaan aflaai. Jissie jong, ek kan nou glad nie onthou nie. Ek dink ons is eers Neumayer toe om goed af te laai ... Of nee, wag. Ons het eers vyf wes toe ... kan dit vyf oos wees? Ek kan nie onthou nie. Of SANAE is twee wes, so dit moet dan oos wees om by die Noorweërs goed af te laai, by hulle bukta, en toe het ons ingeseil na ons bukta toe, maar toe't ons in die ys vasgesit en ek dink toe't ons afgedryf Neumayer toe. So iets van die aard.

**V:** So in die ys saam, jis!

**A:** Ja, in die pakys.

**V:** So julle was 'n redelike tydjie op daai skip gewees.

**A:** Ja, 19 dae was ons op die skip gewees. Toe't ons ... Ja, ek dink ons het 7 dae in die ys vasgesit.

**V:** Hoe's 19 dae op 'n skip?

**A:** *Boring*.

**V:** Het julle enige seremonie gehad toe julle oor die 40$^{o}$?

**A:** Ja, ja. Die gewone meel in die hare en koue water *dip* en strooi ...

**V:** Wie het dit gedoen?

**A:** Die skeepspersoneel, dink ek.

**V:** En moes almal dit doen, of hulle nou al vantevore daar was of nie? Of is dit nou maar ... ?

**A:** Nee, die eerste keer wat jy oorgaan. Maar jy kon weier as jy wou, wat bietjie *boring* is.

**V:** Is daar mense wat geweier het?

**A:** Ja, kyk die swart mense het mos 'n *issue* daarmee. Hulle is mos nou al klaar man gemaak toe hy 16 was; hy kan nie weer man gemaak word nie. So dis maar 'n bietjie ... Ek weet nie ...'n Kulturele misverstand wat daar heers. Maar nou ja, *let's nog go there; it's not worth it*. Hulle kan baie ernstig raak oor dit. En dis eintlik vir my nogal half *cute*. Want ek meen, wat beteken dit nou eintlik? Inisiasie in die, in die

eilandkonteks? Dit beteken nie rêrig iets nie. So dis eintlik maar ... dis half ‘n gemene deler. Dis nie ‘n slegte ding nie. Dit moet net nie hand uitruk en baie keer doen dit ...

**V:** As mense nou begin ...

**A:** Ja, as jy so half ... Dis dan wanneer jy  - almal is nou op gelyke vlak; almal is dieselfde; almal gaan deur dieselfde twak. Dis nie ‘n *bad* ding nie.

**V:** So dis nie noodwendig in die konteks van “jy moet nou jou manlikheid bewys” nie?

**A:** Nee, dit het eintlik niks daarmee uit te waai nie. Maar ek kan verstaan hoekom die swart mense dit daarmee verwar, want hulle het daai ding wat hulle doen en daarna is hulle ‘n man en klaar, maar ag ... Jissie, ek het nie empatie daarvoor nie, kom ons sê so.

**V:** Dis maar kultureel ... En toe’t julle by die basis aangekom, by die bukta?

**A:** Toe’t ons ingevlieg en ... Van die skip af ingevlieg. Was glad nie by die bukta gewees nie. Net op ‘n kol het ek seker weer maar af, met die trekkertreine, gegaan en ek was van die outjies wat daar was wat vir die skip gewaai het. Ons was so vier gewees wat daar onder was, en toe weer terug met die trekkertrein op basis toe.

**V:** Nou hoe lank was dit nou voor die skip ... voor julle die basis vir julleself gehad het?

**A:** Ag mens, ek kan nie sulke goed onthou nie ... Oukei. Die skip het ... Ons het die 10de Desember geseil, as ek reg onthou, so 19 dae ... Nee, maar ... Nou waar’t ons Kersfees gehou? Kwitela.

**V:** Ja, volgens dit sou julle dan op die skip moes Kersfees hou ...

**A:** Dan moes ons Kersfees op die skip gehad het, ja. Maar ek kan nie eintlik dit onthou nie ... Waarskynlik. Dit was nie ‘n baie goeie Kersfees nie, want ek kan nie meer onthou nie ... Die 10de of die 12de het ons geseil, en ons was 19 dae op die skip gewees, toe’t ons afgevlieg. En ek dink die skip het gewaai die tweede week van Februarie, daar rond, ek dink ‘n bietjie later as normaalweg.

**V:** Maar hoe is dit om Antarktika te sien?

**A:** *Cool*. Ja weet jy, om by die bukta aan te kom, is nogal *exciting*, maar dit is ... Ek weet nie eintlik hoe om dit te sê nie. Dit is indrukwekkend, maar dis ‘n bietjie anderste. Maar as jy met helikopter oor hom vlieg, dis nogal “Wow!” Maar eintlik, op die ou einde ... Ek meen, as jy in ‘n helikopter sit, kan dit nog altyd ‘n *movie* wees wat hulle vir jou speel. Dis as jy uit die helikopter uitklim, op die basis self, en dan kyk jy om jou. Dis dan wanneer jy regtig ...

**V:** Dis die realiteit ...

**A:** Ja. Dan skop dit nou rêrig in. En dit is befok. Dit is absoluut befok. Dit is ... Jy arriveer basies op ‘n ander planeet. Dit is niks ... Daar is weinig in gemeen met die res van die

wêreld wat jy ken. Bitterlik min; weinig. Waarskynlik omdat ek nog nooit ... As ek nou in die Alpe rondgedonner het op ‘n kol of so, dan sou dit nou nie so *hectic* gewees het nie, maar dit was nogal ... Dit was *full-on* gewees, ja.

**V:** Lewe op ‘n basis waar die son altyd skyn of nie skyn nie?

**A:** Het sy voordele en nadele. Dis nie regtig so erg nie. Die son wat die heeltyd skyn, is gerieflik – jy’t nooit ligte nodig nie, maar in die winter is dit bietjie irriterend, want als is donker, maar dis ook nie so erg nie. In die winter kan jy net nie uitgaan nie. Dis bietjie simpel. Ons is nog ver noord genoeg dat jy hier 12 uur die middag, raak dit so donker skemer. En met die ys, maak dit in elk geval dat dit die heeltyd lig is in elk geval. Jy kan ... Daar’s nie regtig ‘n tyd wat jy nie ... Oukei, jy gaan nou ... Jy kan nog altyd buite rondloop – dis nie só donker nie, want die ys weerkaats nog. Maar jy moet darem die omgewing ken. Jy kan nou nie blindweg loop nie, want jy sal definitief in ‘n gat afneuk. Dit sal jy nie sien as jy nie weet dis daar nie.

**V:** Is daar krevasse rondom die basis?

**A:** Ja, maar dis, ons weet waar hulle is, so die meeste van die tyd is jy *fine*. Dis eintlik maar die outjies wat nie weet wat aangaan nie wat die foute maak. En dis maar oor haastigheid en opgewondenheid en daai klas van twak wat sulke strooi ...

**V:** Ja, want daar’s tog *protokol* vir ‘n rede ...

**A:** Ja. *Well*, daar’s *common sense* ook vir ‘n rede. Ons wil nou nie ligweg daaroor praat nie, maar ja, jy het ... As jy ‘n plek nie ken nie, moet jy versigtig wees.

**V:** Het jy uitgegaan op *field trips* met die Caboose en so?

**A:** Die Caboose het ons een keer uitgesleep, Grunehogna toe, wat op die ou einde ‘n groot fokop was, en toe’t ons hom weer teruggesleep. Dit was ...

**V:** Was daar toe nog iets oor by Grunehogna?

**A:** Nee, hulle het dit skoongemaak, ‘n jaar of drie voor ons daar gekom het. Ek kan nou nie die datum onthou wanneer hulle hom toegemaak het nie. Maar daar was veronderstel om niks te wees behalwe die basis nie, wat jy nie veronderstel was om te sien nie, maar ons het nou nooit Grunehogna self gekry nie. Ons het ... Dit was ek, Pieter ... Oukei. Shorty was nie saam nie; Struan was nie saam nie; Leon was nie saam nie, en Marius was nie saam nie. So die res van ons was daar gewees; ons was vyf uit gewees. En ons het op die CAT-roete uitgery en die sastrugi was *hectic* gewees. Op ‘n kol was die sastrugi só diep uitgegrawe gewees, so om dan met die Caboose daardeur te sukkel, was iets vreesliks gewees. Toe stop ons op ‘n kol en ons ry, en toe roep Shorty uit die basis uit en ons sê dit gaan nie goed en ons gaan nog aan en toe roep Shorty uit die basis uit en sê ek dink julle moet maar huis toe kom, en toe gaan ons huis toe en toe’t Leon en Marius ... Haai, dis wonderlik hoe jy die

mense se name *wipe* uit jou geheue uit, né? "flippenhel!" Toe't Marius en Leon 'n *scrap* opgetel ...

**V:** Was dit net 'n mansspan?

**A:** Dit was net almal mans gewees ja. Dit was net 'n mansspan, ja. Wat goed makliker maak. Mans kan *"flippen stupid"* wees as vroumense rondom hulle is ... Oe, dis irriterend. Dis *amazing*; dis 'n *switch*. Hoor hier, dis eintlik baie *sweet*. As dit nie so irriterend was nie, sou dit baie *sweet* gewees het. Jy kan letterlik sien hoe word 'klik' hoe skakel daai dingetjie aan en dan is hulle net 'n flippen aap en weet ook nie.

**V:** Wat doen hulle wat die lewe so moeilik maak?

**A:** Die dinamika verander en ...

**V:** Verseker.

**A:** Ja. Mans is net anderste wanneer vrouens daar is. Hulle *act* anderster; hulle doen ander goeters en eintlik veral omdat jy hulle leer ken het, of jy ken ... jy weet hoe hulle is as vrouens nie daar is nie, dan sien jy die *act* wat hulle aansit as vrouens daar is ... *like ... just drop the act dude, really*! Ja.

**V:** Maar dié twee het nou 'n *scrap* opgetel?

**A:** Ja, hulle twee het 'n *scrap* opgetel ...

**V:** Het hulle handgemeen geraak?

**A:** Hulle het *actually*, ja.

**V:** Hoe?

**A:** Ja, hulle het bietjie gestoei. Daar was iewers 'n *steak* mes ook in die weer gewees, maar ek dink darem nie dis gebruik in die stoeiery nie. Marius is nou maar net Marius is nou maar net – ai - ja. Marius het die manier gehad om in die nag kak aan te jaag. Dan sal hy 'n ysmasjien gaan koppel wat Leon gediskonnekteer het omdat die drein nie werk nie en dan daai klas van goeters. En hulle het nie gesels nie, maar Marius is 'n moeilike een om mee te gesels. Marius is nou maar net aweregs en klaar. Oukei, Leon hulle was en Mark en Deon hulle was miskien te erg gewees: te paraat, te hardwerkend – en Marius was nou heeltemal die teenoorgestelde gewees, so ...

**V:** Maar wat moes jy as leier dan doen?

**A:** Ag jong, wat kan jy nou doen? Jy kan nou maar net hulle probeer rustig maak. Jy kan nou net Marius probeer ... "Marius, jy sien wat aan die gang is. Jy weet jy jaag kak aan. Stop jou stront. Ek kan jou nie maak stop nie." En ek het ... Eendag, dis nog in, in oorname gewees, het ek vir hom gesê: "Marius, whatever jy doen moet my nie *bullshit* nie. *Do not bullshit me.*" En hy het. Toe sê ek vir hom; "Hoor, daar gaat jy." Toe op die eerste vliegtuig is hy uit. Wat maak jy nou met so 'n mens? Moes jy nou

regtigwaar sit en gesels met ... Nou oukei, weereens, ek verstaan waar hy vandaan kom; ek verstaan sy hele dinamika en als, maar dit het eintlik niks met die hele fokop uit te waai nie. Hy is daar om sy werk te doen in die eerste plek en as hy nie sy werk gaan doen nie, dan moet hy fokof; dis klaar. So daar gaat jy.

**V:** Maar hoekom het hy nie sy werk gedoen nie? Wat anders is daar om te doen op Antarktika?

**A:** Daar's baie ander dinge om te doen op Antarktika. Jy kan jou jou ore uitleen aan die verkeerde mense en jy kan jou verbeelding te ver laat gaan, en al sulke klas van strooi, en jou verbeel jy't allerhande wonderlike kapasiteite wat jy nie rêrig het nie en blah-blah-blah ja - Marius. Ek sal nie Marius weer saamvat op 'n *trip* nie.

**V:** Sal hy weer aangestel word as hulle hom een keer moes *evac*?

**A:** Daar's al hoeveel mense wat van 'n eiland afgesit is en dan't die departement gesê: "Oe, jy sal hom nooit weer 'n eiland sien nie" om op die volgende *trip* weer terug te gaan. Dit hang af hoe desperaat die departement is. Ek kan nie dink dat hulle maklik Marius weer sal aanstel nie ...

**V:** Wat is sy verantwoordelikhede?

**A:** *Diesel mac* gewees. Dan 'n keer - dis vyf jaar later; dalk het hy verander.

**V:** Ek wil net gou 'n bietjie teruggaan na ... Hierdie was nou ... Jy't alles beleef. Jy was in 'n span onder 'n vrouleier; jy was spanleier van 'n gemengde span, en nou 'n mansspan. Was julle net wit mans gewees?

**A:** Nee. Deon was 'n bruin man gewees en die res was almal wit gewees, ja.

**V:** Ja, maar ek bedoel die kultuurverskil tussen 'n bruin man en 'n klomp wit mans is dalk nie waarskynlik heeltemal so groot nie. Wat sou jy ... Was daar wetenskaplikes saamgewees op Antarktika, laat ek dit eers vra.

**A:** Ja. Pieter en Struan, en Shorty was die metkassie gewees.

**V:** Nou hoe verskil die dinamika as 'n span, as geheel? Watter dinamika het vir jou die maklikste gewerk?

**A:** Op die ou einde gaan dit meer om die individue gaan as om die geslag of die ras of so iets van die aard. Op SANAE was ek en Deon en Leon en Mark en Pieter en Struan en Shorty. Pieter en Struan miskien minder so, baie op dieselfde bladsy gewees. So dit, dit het dit maklik gemaak. Rupert, die dokter, was op sy eie *plug* gewees, letterlik. Marius het saam met hom gehang. En dan Pieter en Struan wat 'n bietjie meer ... kom ons noem dit liberaal in hulle sienswyses. En hulle was nie so krities op, byvoorbeeld, Rupert en Marius gewees nie, maar dit het baie gegaan daaroor dat hulle het nie saam met hulle gewerk nie. So as Marius kak aangejaag het, het dit

geen relevansie op Pieter en Struan gehad nie. Maar as Marius kak aangejaag het, dan het Mark en Deon en Leon ekstra werk gehad. So dit het hulle gevang. En al die papierwerk en die strooi wat Marius gegenereer het, is deur mý gehanteer, so elke keer wat hy kak aanjaag, het ek ook deel daaraan; dan moet ek ook help vure doodslaan en strooi ...

**V:** Het julle tussen jou en Henry besluit hy moet uitgehaal word, of het jy vir Henry gesê?

**A:** Weet jy, ek kan nie meer onthou nie.

**V:** Want om 'n vliegtuig ... 'n vliegtuigrit is nie goedkoop nie, so dit moes nie 'n maklike besluit vir die departement gewees het nie.

**A:** Ja, kyk ek dink op die ou end doen hulle dit maar. Ek onthou op Marion spesifiek het hulle vir my gesê: "Wat sê jy?" En ek het gevoel dis onregverdig om dit vir my te vra, want ek ... Maar op die ou end het ek net besef maar o, fok, ek's die bestuurder. Ek sê ja of nee, *and that's it*. En die departement ondersteun my in dit. So teen die tyd dat Marius verbygekom het ... Ek kan nie onthou of ek vir Henry gesê het hoor hier, ek wil nie man weghê, en of hy gevra het of ek hom wil weghê nie. Ek kan nie meer onthou nie.

**V:** Maar dit het redelik pynloos gegaan toe die besluit eers gemaak is?

**A:** O, ja-nee. As dit eers besluit is, is dit besluit.

**V:** Want die vliegtuig land mos maar eers binne 7 ure?

**A:** Nee ... Ja, kyk. Dit was die eerste vlug wat van die Kaap af uitgevlieg het Novo toe en toe die vierde *flight* van daar af wat na ons toe is, en toe't ons hom op die vliegtuig gesit en hy's uit. Dis dit.

**V:** En hulle het toe iemand gestuur om hom te vervang of het julle sonder hom reggekom?

**A:** Ja kyk, sê nou maar dit was Oktober gewees; daar rond. Dis jammer dit kon nie vroeër in die jaar gebeur het nie, want jy kon sien hoe daai span ontspan; hoe baie stres weg is. Rupert was 'n kak ... *well*, ek wil nou nie te veel in die *detail* ingaan nie ... Maar hy't homself baie uitgehaal, wat hy net verdwyn het. So hy was nie ... Hy't nie baie spanning in die span veroorsaak nie, waar Marius wel het. En toe Marius weg is, kon jy dit sien. Ek nou nog sien nog hoe ontspan die span. Dit was *nice*. Daai laaste paar weke op die ys was baie *nice* gewees. Jy't nie weggegaan uit die basis uit en dan wag jy vir 'n radio-oproep want daar's 'n *disaster* wat *gestrike* het nie. Jy't geweet die ouens wat daar is doen hulle *job*; hulle doen dit goed en daar sal nie twak wees nie. So dit was lekker gewees

**V:** Kontak met ander basisse op Antarktika..

**A:** Weet jy, in die jaar wat ek daar was, nie regtig nie. Met die Indiese span ‘n bietjie ... BP ... Ek kan sy naam nie nou onthou nie, maar ons het nou nog kontak. Die Duitsers was baie stil gewees. Nie regtig met die Noorweërs nie. Meer sê nou op amptelike geleentheid, sê nou maar soos ...

**V:** Midwinter?

**A:** Ja, dan’t ons kontak gehad. Maar nie regtig nie. Ek het eintlik daai jaar baie min kontak gehad met Antarktika se spanne, of met eilandspanne, *for that matter*. My Marion-jaar was die besigste vir kontak hou. Maar dis bloot omdat Anton ‘n *radio operator*, of ‘n ... hy was *hammie* gewees en Chris is nou nog ‘n *hammie*, so dis maar hoekom dit so baie gebeur het.

**V:** Julle het nie besoeke gekry van Duitsers of Indiërs of ... ?

**A:** Nie deur die jaar nie, nee. Ons was met ‘n CAT-trein deur gewees na die Duitsers toe, maar dit was ‘n oorname. En ons was na die Noorweërs toe gewees met die helikopter, maar dit was ook ‘n oorname; op my terugkeer-oorname.

**V:** Hoe lyk die basisse?

**A:** Kyk dit was toe nog Neuymayer onder die sneeu gewees, né? Onder die ys. So dis daai, so jy stap daar in met daai skuins skag in die koepel in, en dan daarvan af is daar sulke modulêre eenhede wat jy in die basis self is. Wel, dis was oraait; dit was *nice*; goed ingerig. Maar om bo te wees, is definitief beter. Dis nie só *bad* nie; ek dink nie ek sou mal geword het daar nie, maar ...

**V:** Jy voel seker soos ‘n mol in ‘n tonnel!

**A:** Ja, om ‘n kamervenster te hê, is nogal *nice,* ja dis *nice*. Die Noorweegse basis is ook bo die grond; ook sulke modulêre eenhede. Hulle was wild besig gewees met konstruksie toe ons daar was. Hulle het toe - dit was ‘n somerkamp gewees wat hulle toe besig is om oor te skuif na ‘n oorwinteringskamp toe. En dit was *nice* gewees. Hulle het ‘n baie lekker ligging. Dit sit so op ‘n rots - dis half soos twee baaie en dan die rotspunt wat hier uitkom. Dan sit hulle net agter die rotspunt, so op ‘n stukkie gruis daarso. Hulle het ‘n baie *nice* posisie daar; baie mooi. Waar die Duitsers, byvoorbeeld, het geen uitsig nie. Hulle het daai Akta Bukta langs hulle, waar die pikkewyne broei en so, so hulle het ‘n bietjie dierelewe, maar dis ook nie vreeslik *exciting* nie.

**V:** Mis mens dierelewe op Antarktika?

**A:** Ja, maar weet jy, dis ook soveel anderste. Dis so anderste - dit is - ag, ek weet nie. Ek kan nie onthou dat ek nou eendag wakker geword het en gesê het o, ek wil nou ‘n koei sien nie. So dis nie ...  Ek kan nie so iets onthou nie.

**V:** En wat het julle gedoen om julleself besig te hou op Antarktika, vir ontspanning?

**A:** Kyk, ok, in die eerste plek, soos ek nou hier leef, is 'n baie rustiger lewe teenoor iemand wat in die dorp leef of in die stad leef. En die eiland is nog 'n kappie terug. So dinge gebeur baie stadiger, en nie net omdat ons lui is nie, maar omdat dinge letterlik stadiger gebeur. As jy uitgaan om iets te gaan doen, dan vat dit vir jou 'n halfuur om jou klere bymekaar te kry, aan te trek, al jou *equipment* te kry en uit te gaan. En dan's jy buite vir nog 'n halfuur, en dan's jy koud. Dan kom jy in om warm te word, of wat ook al. Veral as jy sê nou maar een of ander werkie doen wat jy nou nie vreeslik besig is mee nie. So dit vat geweldig lank om goeters te doen wat normaalweg vinnig sou gegaan het. So baie tyd gaan in dit in. Baie tyd gaan in *gathering yourself towards yourself*. Vir die meeste van die jaar sou ek sê die ouens se roetine was ... Die ouens sou nie voor twee-uur, drie-uur die oggend gaan slaap nie – die meeste van hulle nie. Dan *feature* hulle hier sê maar tienuur die oggend na twaalfuur toe. dan *breakfast* hulle, en dan vanaand, aandete, en dan die aand nou weer. En die meganiese afdeling, hulle het redelik hulle ding gedoen. Mark sal miskien bietjie vroeër opgestaan het, maar ek dink nie Mark sou eintlik veel voor nege opgewees het nie.

**V:** So jou slaappatrone is maar 'n bietjie anders?

**A:** Dis eintlik nie soveel anders nie; dis eintlik maar net 'n bietjie later geskuif. Ek het op 'n tyd van die jaar het ek sewe-uur opgestaan, en dan het ek al my papierwerk gaan doen, en dan het ek sommer op die bank gaan lê, of weer in die bed geklim, hier so tienuur se kant. En dan geslaap tot twaalfuur toe, en dan staan ek weer op en dan's almal nou in die kombuis. En dan gaan sit en ginnegaap by hulle, en dit kan jou maklik twee, drie ure gevat het net om in die kombuis te sit en gesels en blah-blah-blah, en dan aan die gang kom en dan jou ding gaan doen vir die dag. Struan-hulle, die wetenskaplikes, het ook nie ure gehad wat hulle moes gehou het nie. Die enigste ou wat regtig ure gehad het, was Shorty, die weerwaarnemer. Hy moes op vasgestelde tye sy observasies doen. Die ander het dit maar gedoen soos hulle dit nodig gehad het. Ja.

**V:** So julle het ook *video's* en sulke goed ...

**A:** Ja, maar die gewone. SANAE is nie baie lekker vir dit nie; SANAE het mos nou die videokamers en so, so jy's redelik geïsoleerd ... Wat seker eintlik 'n goeie ding is. Maar kyk, op Marion en Gough spesifiek, die sitkamers was half die sentrale punt van die basis; dit was 'n deurloopplek gewees. So dit het baie keer gebeur dat jy stap verby en dan sal iemand 'n video sit en kyk en dan kyk jy so stukkie video saam met hom. En dit het hoeveel keer gebeur, wat jy dieselfde video ... En dan kom jy verby en dan sien jy die video speel en dan wil jy kyk. Dan kyk jy stukke daarvan en later dan speel hy die video vir homself weer en dan kom jy nou weer op 'n ander tyd van

die video verby en dan kyk jy nou weer ‘n stuk van dit, en dan het jy actually op die ou einde *actually* die hele video gesien, maar in ...

**V:** *Chunks*?

**A:** Ja, in *chunks*. Maar dan kyk jy ook maar op die einde die video om te kyk hoe al die *chunks* inmekaar pas. En dit was eintlik nogal lekker gewees. En so aan het jy ook baie keer, dan kyk jy goed wat jy nie sou gekyk het nie, want jy loop verby ... en al sulke goed. So, ja ... Van die ouens het baie video gekyk. Die metkassies hou van hulle video’s. Van die ouens het amper nooit gekyk nie. *Puzzles* is nogal ‘n *hit*. Almal dink: Mm, *puzzle, puzzle* ... Maar as jy hom hier na die tweede helfte van die jaar uithaal, dan kry jy nogal groot aftrek. Op SANAE het ek nogal – ek het my nogal verstom – ek het my *puzzle* uitgehaal en vir drie dae het die hele span omtrent daar gesit en *puzzle* bou.

**V:** So daar is maar goed om jou mee besig te hou?

**A:** Ja. Maar jy sal jou verbaas hoeveel tyd gaan in die mors van tyd, omdat, omdat jy rustiger lewe. Dit vat ongelooflik baie tyd op, daai rustige lewenstyl. Maar nee ag, wat jaag jy tog nou op af?

**V:** Wat het jy gemis toe jy terugkom Suid-Afrika van SANAE af?

**A:** Ja. Dis maar bietjie die stilte. Wat het ek gedoen na SANAE? Toe’t ek in die Kaap gaan bly.

**V:** En storms? Was julle ooit uit in storms en witsigte?

**A:** Weet jy, nie regtig nie. Toe ons af is SANAE 3 toe, E-basis toe vir inspeksie, het ons in ‘n storm in gery, wat ons so drie dae in die storm vasgesit het, en baie geleer daaruit. Ons het die trekker aangelos, met die idee daarvan dat ons kan hom nie afsit nie, want dan gaan ons hom nie *gestart* kry omdat dit koud is, en dit was ‘n groot fout gewees, want die dryfsneeu het toe teen die enjin gepak en gesmelt en gevries, en toe’s die hele enjin later in ys toegepak. En die *generator*-tjie op die Caboose het ons ook aan die gang gehou in die storm, en dit was ook ‘n fout gewees. Die *regulator* het toe op ‘n kol vasgevries, en toe brand hy uit, want hy kon toe nie meer *regulate* nie. So, ons moes eintlik maar als afgesit het toe ons gestop by die storm. Maar dit leer ‘n mens mos nou maar. En ja, toe’t ons sommer net met die gas en goeters aangegaan. En ek dink ons was drie dae in die storm vas gewees, en jy ... letterlik, jy kan die trekker nie van die Caboose af sien nie, en dit is van my af na die stoof toe. En ons het gestop waar die E-basis moes gewees het, maar ons kon niks sien nie. En toe, ek dink aan die einde van die tweede dag, toe ons op die Caboose klim, toe kon jy die E-basis net bo die dryfsneeu sien uitsteek. So ons was ‘n 100 meter of 150 meter ver weg gewees. En toe maar gewag dat die storm verbygaan en die sneeu afgekap van die enjin af en hom aan die gang gekry ... En ek kan nie onthou wat ons

als daar gedoen het nie, maar eintlik maar gekyk wat daar aangaan en so, en toe weer terug poolbasis toe.

**V:** Saam met wie was jy gewees?

**A:** Mark en Deon en Struan.

**V:** So julle was vier gewees?

**A:** Ja.

**V:** Maar 'n Caboose is seker maar 'n klein plekkie vir vier mense om in te bly?

**A:** Ag dis *fine*, weet jy. Nee, dis nie so *hectic* nie. Nee wat. Maar dit was 'n goeie keuse van vier mense gewees. Dis nie vier wat in mekaar se hare sou vlieg op enige punt nie. Struan is bietjie hiperaktief, maar dis mos maar Struan, so mens raak hom gewoond, so ...

**V:** Dan word jy maar afgehaal en vervang deur 'n volgende span?

**A:** Ja-nee, kyk, jy kry 'n goeie sin van jou vervangbaarheid daar. Jy *run* die plek vir 'n jaar en dan dink jy, oe, die eiland gaan vergaan sonder my en dan kom jy terug huis toe, en hulle bel jou nooit weer nie. Dan dink jy, oukei, ek was nou nie só 'n *hit* gewees nie. Maar na die derde *trip* is jy dit gewoond.

**V:** Sal jy ooit weer gaan, nou?

**A:** Weet jy ...

**V:** As jy die keuse gehad het, na watse een sou jy gaan?

**A:** As dit nie so lank was nie, sou ek maklik weer gegaan het. Maar ek ... ek speel al lankal met die idee daarvan om weer 'n *trippie* te doen, maar ek weet nie of ek dit ooit regtig sal doen nie. Omdat dit so lank is. As dit sê nou maar ... As ek redelik seker is die sosiale kompenent gaan *hot* wees, dan sal ek dit waarskynlik doen, ja. En dit sal waarskynlik Gough wees. Dit is die maklikste ... SANAE was *cool* gewees, maar by SANAE is jy bietjie beperk met wat jy kan doen en sien en so, en daar's 'n baie reële gevaar daar. Ek meen, ons het - eenkeer het ons afgery daar na die suide toe, en twee Cabooses en ... die een net was ek en Leon en Struan en ... was dit Pieter gewees? Nee, ek kan nie onthou nie ... Nee, Mark was by gewees ... Miskien Pieter was ... Ek dink tog Pieter was ook daar gewees, *anyway*, ons ry toe van een nunatak na die ander toe en Struan ry oor 'n krevas. Ek sien ... Ek bestuur die tweede Ski-Doo; ek sien toe hy ry oor die krevas, en ek stop voor die krevas en agter my spring hulle af en sê wat gaan aan? wat gaan aan? "Waar, waar, waar?" storm almal vorentoe, want hulle verwag nou mos die krevas gaan daar voor iewerste wees. Maar toe's die krevas teen 'n hoek, só ... Die krevas is so en die Ski-Doo staan só, en Leon kom hierdie kant toe om. En hy sien toe *obviously* nie die ding nie. En oops!

Maar sy magie is toe ‘n bietjie groot, toe sit hy vas! Haai weet jy, en toe dit gebeur; toe hy inval en hy sit vas, het ek gedink dit gaan later snaaks wees, maar nie nou nie. En dit was later snaaks gewees, maar ... Og!

**V:** So dit is maar ‘n gevaarlike plek, antarktika?

**A:** Dis ‘n gevaarlike plek, ja. En ek meen, dis nie dat ons net gery het nie. Ons het vooraf – toe ons nou op die nunatak was, het jy ‘n lekker hoogtetjie – toe’t ons op ‘n plan gekyk waar kry jy die krevaslyne, want gewoonlik kan jy dit sien loop, wat is ons roete. En ons het ons roete gery en nog altyd ‘n krevas oopgetrap, so jy kan nie sê vooraf nie. Dit is gevaarlik. Maar dis nie net vir die gevaarlikheid wat ‘n mens nie wil gaan nie. Jy is beperk; die hele winter kan jy basies nêrens heen gaan nie – wat nie só *bad* is nie; jy pas jouself aan en jy kap nog in rustiger rat en jy doen jou ding.

Gough en Marion is beter vir die uitgaan en so. Marion is *nice* met die hutte en goed so wat om die eiland is. Dis baie *nice* vir rondloop en so. Maar Marion is ook vir my ... Dis bietjie *boring*. Ja. Gough is vir my *nicer*; dis mooier. En die plantegroei is vir my interessanter. So, ek *like* dit. Ek sal waarskynlik kan Gough toegaan.

**V:** Daar’s ‘n bietjie meer hoogte op Gough?

**A:** Ja ... *Well*, eintlik nee. Marion se hoogste punt is 1,230 meter en Gough is maar 910, of so iets van die aard. So maar Gough is baie meer dramaties. Hy rys baie vinniger, waar Marion is groot en plat en dan gaan hy stadig op ...

**A:** Ja, so hy’s glad nie so dramaties in landskap nie.

**V:** Was jy op Katedraalkrans gewees? Was daar toe al ‘n hut?

**A:** Ja. Ja, die hut is ingesit met Antwa-hulle se span, 55. Ja, so hy was al ‘n paar jaar daar gewees. *Nice*, baie nice.

**V:** Baie dankie. Is daar nog iets wat jy wil bysit?

**A:** Dis ‘n Plesier